# 596. ROEM, AL WAT LEEF, YAHWEH SE DAG

```
        G                     D       G
1.      Roem, al wat leef, Yahweh se dag –
             C          A     D
        die glorieteken van Sy mag!
            C    G   C      D
        Bo alle magte is Hy groot;
           G      C        D       G
        Hy is Oorwinnaar oor die dood.

        G                    D        G
2.      Geen doodse bande kon Hom keer
             C            A    D
        dat Hy oor sonde triomfeer.
             C  G          C      D
        Die leë graf spreek elkeen aan:
             G      C       D     G
        Die Lewensvors het opgestaan!

        G                       D       G
3.      Wie met Hom sterf, sal met Hom leef –
             C              A     D
        ons sondeskuld het Hy vergeef.
            C          G     C     D
        Hy leef – ons deel Sy heerlik lot:
            G        C      D  G
        Hy leef, ons Redder Elohim.

        G                    D   G
4.      Aan Hom wat was en is en bly,
             C             A     D
        word al ons lof en dank gewy.
            C          G      C  D
        Verhoog Sy Naam en majesteit
             G        C    D   G
        en roem Hom tot in ewigheid!
```